

Kerk, staat en politieke modelle in 'Kerk en Samelewing - 1990'

P J Strauss

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Abstract

Church, state and political models in 'Church and Society - 1990'

In this article the author looks into motives and trends surrounding the viewpoints of the document 'Church and Society - 1990' with regard to the relationship between both the church and the state and the church and practical political models in South Africa. This document of the 1990 General Synod of the Dutch Reformed Church - traditionally labelled as a significant apartheid church - is the sequel to a statement by a previous Synod four years earlier. The main finding is that 'Church and Society - 1990' tends to give a Scriptural basis to current political tendencies and thinking in South African government circles.

WAAROM HIERDIE TEMA?

Vanuit sy toespising op die Kerkgeskiedenis en Kerkreg en sy bekende meelewing met gebeure in wat tradisioneel die drie Afrikaanse kerke genoem word, spreek dit eintlik vanself dat A D Pont ook in die tema van hierdie bydrae sal belangstel. Trouens, dit is haas ondenkbaar dat aspekte van die dokument 'Kerk en Samelewing - 1990' (hierna KS-1990) van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in dieselfde jaar, nie alreeds aan die krities-ondersoekende gees van die jubilaris van hierdie bundel onderwerp is nie. Hiernaas is enige standpuntstelling oor die verhouding kerk en staat en kerk en politieke modelle in watter

situasie en teen watter agtergrond ookal, vir die Kerkregspesialis – en A D Pont is hierin 'n voorbeeld by uitnemendheid – van belang.

Daar is ook 'n tweede rede – meer probleemstellend van aard – waarom die verhouding kerk en staat en kerk en politieke modelle by KS-1990, hier aan die orde kom. Hierdie rede spruit uit die vraag of die betrokke Sinode in sy standpuntinname oor hierdie sake en te midde van eietydse omstandighede, by sy eie uitgangspunt vir kerklike uitsprake gebly het? Is dit so dat KS-1990 ontstaan met sy sogenaamde 'Skryftuurlike norme' of 'koninkrykseise' (KS-1990:222, 293; tensy die volledige besonderhede noodsaaklik voorkom, word voortaan net die betrokke paragraafnummer in KS-1990 vermeld) oor die 'godsdienstig- of religieus- of sosiaal-etiese' aspekte (226, 267, 294) van hierdie aangeleenthede in die Suid-Afrikaanse situasie, of gaan die dokument verder as dit? Daarby, op watter prinsipiële basis berus genoemde besluite? Binne watter omstandighede is dit geneem en wat is die aard van die samespel of integrasie van die norm en eietydse 'kerklike omgewingsfaktore' daarin? En, as dit hier dan gaan oor 'skryftuurlike norme', watter hermeneutiese sleutel funksioneer in die stuk om norme bloot te lê? Kan dit ook van KS-1990 gesê word wat Kritzinger van KS-1986, die grootliks ooreenstemmende voorganger van KS-1990, beweer naamlik dat dit in sy aanpak van konkrete sosio-politieke sake in Suid-Afrika van die 'praktyk' as hermeneutiese sleutel in die verstaan van die Bybel gebruik maak (Kritzinger 1989:78)?

Op hierdie punt is dit noodsaaklik om op te merk dat KS-1990, onder die tema 'Enkele praktiese implikasies' (vanselfsprekend met die oog op die SA konteks waarin die NGK hom bevind), wysigings ten opsigte van sy voorganger vertoon wat 'n selfstandige ondersoek na sy spesifieke hantering van kerk, staat en politieke modelle regverdig. Dit is origens bekend dat die stuk by die praktiese implikasies van sy houding oor laasgenoemde die soeklig byna uitsluitlik op 'apartheid' laat val (vgl 274-288).

KS-1990, DIE KERK, DIE BYBEL EN KONKRETE NIE-KERKLIKE SAKES:

Volgens KS-1990 is dit die primêre taak van die kerk as sameleavingsverband om die Bybel as Woord van God te verkondig (223). Die Bybel is die kerk se enigste maatstaf as dit kom by die beoordeling van 'alle standpunte, gesindhede en optredes', omdat dit die 'volkome en vir alle tye gesaghebbende openbaring van God is' (13). Daarom moet die kerk daarteen waak dat geen ander stem soos dié van 'n ideologie, geestesstroming, politieke rigting, tradisie, persoonlike vooroordeel, volksgevoel of enigiets anders (KS-1990 stel al hierdie voorbeelde sonder om dit nader te kwalifiseer) in die uitsprake van die kerk saam, of in die plek van die Skrif 'n 'beslissende

woord' spreek nie (15). In sy profetiese, priesterlike en koninklike taak (20-31) moet die kerk telkens as Woordverkondigende gemeenskap optree (33).

Hierdie uitgangspunt by KS-1990 impliseer dat die georganiseerde kerk in sy uitsprake hom van ten minste twee soorte eksegeese moet bedien: eksegeese van die Skrif en eksegeese van die situasie waarin die kerk sy 'getuienis' ('n term wat in par 70 voorkom) lewer. Soos die eerste is die tweede soort eksegeese byna vanselfsprekend, gesien in die lig van die feit dat die kerklike woord – soos die tradisionele profetiese hoodskap in die boeke van die Bybel – die regte tema vir die toepaslike situasie moet wees (vgl J A van Wyk se betoog in *Die Kerkbode*, 30 Julie 1969, oor die uitsprake van NGK-sinodes oor afsonderlike ontwikkeling). Dat die kerk dus die regte woord vir die toepaslike tyd moet spreek, blyk uit die wyse waarop die Boodschap van God deur die profete in die Bybel na die hoorders van destyds gekom het. Die Skrif – ho en behalwe die beginsel van logiese identifisering van die korrekte beginsel met die gepaste situasie – spreek hier dus wel 'n 'beslissende' woord. Dieselfde kan egter nie net so van die seleksie (met die oog op kerklike uitsprake) en identifisering van die betrokke situasie gesê word nie. In die keuse en beoordeling van laasgenoemde speel sake soos die betrokkenes se verstaan van die Skrif, hulle lewens- en wêreldbeskouing (Kuyper 1900:1, 2, 3, 6), samelewingsleer waaronder kerkbegrip (Botha 1980:4 in sake die vooronderstallings by die kerkhistorikus), onderkenning en deelwees van 'geestesstrominge' van die tyd, waardering van waar daar 'n nodigheid vir die kerklike hoodskap is, kennis en opvattinge van die betrokke, dikwels nie-kerklike, situasie en so meer, alles min of meer 'beslissend' saam. Dit omvat dus ongetwyfeld meer as die Skrif as enigste beslissende maatstaf.

Oor die beginsels wat in ag geneem moet word by die vertolking van die Bybel maak KS-1990 'n aantal verduidelikende opmerkings. In die eerste plek word die blote op-die-klank-af-verklaring en toepassing van Bybeltekste sonder 'n deeglike inagneming van hulle karakter, styl, verband, doel en historiese situasie tereg afgewys (17). Die aanstip van hierdie beginsel moet bes moontlik teen die agtergrond van die herhaling deur KS-1990 (283) van KS-1986 se verwerping van direkte Bybelse voorskrifte vir geforseerde apartheid (par 305 van lg waarin gedwonge afsonderlikheid en 'skeiding van volke' as Bybelse voorskrif afgewys word) gesien word. Die (gebrek aan) meriete van hierdie soort eksegeese in die geskiedenis van vergaderings van die NGK sedert die veertigerjare, is elders behoorlik beredeneer en word nie hier herhaal nie (vgl Strauss 1983:45-52; Kinghorn 1986:111-116).

In die tweede plek wys KS-1990 daarop dat die kerk nie sy eietydse vraagstukke en sy eie antwoorde daarop in die Bybel mag inlees en dit so 'verlaag' tot 'n resepteboek met 'n kitsvoorskrif vir elke probleem in die 'menslike geskiedenis' nie (18). Hierdie uitspraak hang ten nouste saam met die stelling in paragraaf 21 dat die

Bybel nie 'n handboek vir die oplossing van ekonomiese, sosiale of politieke vraagstukke is nie en dat geen sosiale of politieke beleid, of dit nou apartheid of integrasie is, direk hieruit afgelei kan word nie. Volgens KS-1990 is die Skrif in die derde instansie immers 'n boek met 'n sentrale tendens waarin waarhede soos sonde, verlossing en die byeenbring deur God van mense in sy kerk om hulle uit te stuur om aan die eise van sy koninkryk op alle lewensterreine te voldoen, sentraal staan. Daarom kan sekere teksgedeeltes wat tradisioneel vir of teen apartheid ingespan word, nie vir die begroning van politieke beleid gebruik word nie.

In sy bespreking van die hantering van die Skrif as draer van die eise van die koninkryk, val die volgende op. KS-1990 wil nie van die Bybel 'n handboek vir politieke modelle maak nie, maar dui ook geen praktiese weg aan hoe die kerk by bepaalde Bybelse eise of algemeen-geldende norme vir die politiek moet uitkom nie (Kritzinger 1989:78). Daarom is daar in die dokument ook geen analitiese bespreking van die vraag of sommige van KS se 'norme' vanuit die Bybel of vanuit ander ooringings spruit nie. Hierop kom ons later met voorbeelde terug. Verder laat KS-1990 met die gebruik van die sinsnede 'verlaag tot 'n resepteboek met kitsoplossings', in sy verwysing na 'n bepaalde gebruik van die Skrif, die indruk dat hy op hierdie punt 'n tendens voortsit waarop ons later, by sy uiteensetting van die verhouding kerk en samelewing, ingaan: 'n natuur-genademotief waarin Bybel en kerk gekompartementeer hoër en teenoor die kompartement van sondige denkskemas en die res van die samelewing te staan kom.

Dit is duidelik dat KS-1990 die hantering van die Woord binne die kringe van die samelewing vir die kerk as sy uitsluitlike en spesialistaak reserveer. Sy uitgangspunte vir Skrifhantering hou in dat laasgenoemde nie 'n bepaalde politieke model 'direk' legitimeer nie, of nog sterker, geen resepteboek in die verband is nie, dat die kerk hom in die suksesvolle voortgang van sy Woordverkondigingstaak dus nie met 'n sekere politieke model moet kompromitteer nie, dat kerklui nie hulle eie situasie en oplossings in die Bybel moet inlees nie en dat die Bybel nie verder gaan as norme – gegiet in die kleed van die tyd van sy ontstaan – vir elke lewensterrein nie.

KS-1990 is dus moreel verplig om hierdie maatstawwe ook op sy eie hantering van kerk en staat en kerk en politieke modelle in Suid-Afrika toe te pas. Anders bring dit die geloofwaardigheid van sy prinsipiële konsekwentheid en die eerbiediging van sy grense soos deur homself gestel, in gedrang....

Kerk en staat en kerk en politieke modelle by KS-1990 lê ingebed in sy opvattinge oor kerk en samelewing – daarom dat laasgenoemde volgende aan die orde kom.

KS-1990 EN KERK EN SAMELEWING: ENKELE TREKKE

Dit is klaarblyklik nie die bedoeling van KS-1990 om 'n volledige leer oor die samelewing of selfs die verhouding kerk en staat en kerk en politieke modelle uit te werk nie. Dit gaan in die stuk merendeels om 'n omskrywing van die kerk en sy taak en sy verhoudinge tot ander samelewingskringe (Strauss 1987:16).

Sonder om te sê van watter kerk hier gepraat word of op die prinsipiële onderskeid tussen die kerk as samelewingsverband en die gelowiges se 'in Christus-wees' te wys (Strauss 1988:38), noem KS-1990 die kerk 'n 'unieke herskeppingswonder van God' in 'n 'sondige en gebroke wêreld'. Volgens KS-1990, en hy volg sy voorganger hierin voetjie vir voetjie, is hierdie kerk God se nuwe begin of unieke herskepping in 'n gebroke en tydelike bedeling (24, 25). God self bepaal die unieke aard van die kerk deur sy Woord. Daarom moet dit nie 'in die lig van denkskemas van hierdie sondige, verbygaande wêreld' beoordeel of met instellings van 'hierdie gebroke werklikheid' verwar word nie (26, 33). KS-1990 gebruik slegs vir die kerk die uitdrukkings 'nuwe skepping van God' en 'werksterrein van die Heilige Gees'. So ken dié dokument aan hierdie instelling 'n eenheid toe wat 'dieper en hoër, wyer en heerliker as enige vorm van aardse eenheid' is (72, 77). Hy laat dus die implikasie, of ten minste die indruk, dat die denkskemas van mense in hulle gebrokenheid in die res van die kringe van die samelewing die pas aangee, daarom dat hy kerklike eenheid as vrug van die werk van die Heilige Gees kontrasteer met die eenheid wat in die mens sy oorsprong vind (die humanistiese gevoelens, entoesiasme en mensgemaakte oortuigings van par 77) wat klaarblyklik – Dit word nie eksplisiet daarin gestel nie – in ander kringe van die samelewing die eenheid bepaal.

Dit moet onmiddellik toegegee word dat KS-1990 se ongenuanseerde gebruik van die begrip 'kerk' 'n kritiese beoordeling van die stuk se standpunt oor die verhouding kerk en samelewing bemoeilik. Hierdie toedrag van sake bring egter mee dat ons sy attribute wat waarskynlik op die kerk as diegene 'in Christus' of, burgers van die koninkryk sinspeel, ook op sy kerk as samelewingsverband moet toepas. Dit is immers oënskynlik die behoefte by KS-1990 self om hierin geen onderskeid te maak nie.

Dit is 'n vraag waarom KS-1990 hierdie ononderskeie gebruik van die kerk handhaaf. 'n Moontlike verklaring is geleë in die feit dat die opstellers wou wegkom van die filosofies agterhaalde en belasde begrippe 'sigbare' en 'onsigbare' kerk – 'n onderskeiding waarin eersgenoemde die 'verskyning' en laasgenoemde die 'wese' van die kerk sou uitdruk (Strauss 1987:9). Hierdie onderskeiding skep in beginsel die moontlikheid van 'n devaluasie van die georganiseerde kerk omdat dit nie tot die wese van die kerk behoort nie – 'n neiging wat sou indruis teen die sterk fokus op en 'herontdekking' van die kerk in beide KS-1986 en KS-1990. Met hierdie 'her-

ontdekking' plaas KS homself in die tradisie wat van voor die Tweede Wêreldoorlog al in Nazi-Duitsland na vore kom: 'n proses waarin daar getrag word om die kerk van die leiband van 'n politieke ideologie los te maak en die unieke eie aard daarvan opnuut aan die lig te bring (Kingham 1989:38). Die probleem hier is egter dat kerk en koninkryk dreig om ineen te loop omdat die ander samelewingskringe in die greep van die denkskemas van die ou, gebroke wêreld geplaas word. Tipies Barthiaans word die kerk aan die herskepping gekoppel en as Christelik getipeer. Daarteenoor fundeer die ander samelewingskringe op die skepping (KS-1990:230) waarop 'n heldere sig vanweë die sonde en die denkskemas van die ou wêreld in elke geval prakties onmoontlik lyk. God openbaar Hom bowendien (uitsluitlik?) herkenbaar deur die Skrif sodat kennis van sy wil deur Christus en deur die kerk in sy genormeertheid deur en gebondenheid aan die Skrif, in die samelewing ingedra word. Enige ander effektiewe openbaringsbron soos die skepping (vgl NGB art 2) sou op hierdie standpunt binne die kader van 'natuurlike' en daarom onsuivere teologie geplaas word (Strauss 1987:5; Strauss 1988:39).

Volgens KS-1990 is dit gevolglik ook die kerk wat as samelewingsbemiddelaar van die Bybel 'aan al die gelowiges' (wie anders is dan die kerk as al die gelowiges? – P J S) en 'al die samelewingsverbande' die eise van God se koninkryk soos gedra deur die Woord, moet verkondig (222). Die kerk moet die 'Bybelse beginsels vir die samelewing duidelik en helder formuleer en heersende gedragpatrone, sosiale instellings en selfs wetgewing in die lig daarvan konkreet...beoordeel' (304). Dit gaan vir die kerk volgens KS-1990 om alle sake wat 'religieus'- (226) of 'sosiaal'- (267) of 'godsdienstig-etiese' (294) implikasies het.

Met hierdie spesifieke omskrywing van die unieke karakter van die kerk in die samelewing speel KS-1990 herkenbaar in die hande van 'n natuur-genade-dualisme as prinsipiële denkmotief waarin die kerk op eg skolastiese wyse die Christelike of Bybelse of genade- (herskeppings)element in die samelewing verteenwoordig en die ander kringe – met of sonder gelowiges daarin – aan die tydelik-sondige werklikheid of denkskemas van hierdie wêreld gekoppel word (Strauss 1987:20; Raath 1988:13). Hierdie kringe kan ook alleen via die kerk wat 'die Bybelse beginsels vir die samelewing helder en duidelik' moet formuleer, tot koninkrykdiens kom. Dit is dus die tipiese middeleeuse probleem van verkerkliking, in plaas van reformatoriese verchristeliking, van die samelewing waarin die kerk telkens die laaste woord oor die eise van God se koninkryk moet spreek. Die herskepping werk ook nie direk deur in die samelewing sonder die bemiddeling van die kerk nie, sodat daar in ander instansies geen intrinsieke reformatie as gevolg van God se direkte ingrype kan plaasvind nie (Strauss 1988:39, 40). Daarom is KS-1990 net konsekwent as hy oordeel dat die kerk aan sy eie verkondiging geloofwaardigheid moet verleen deur vir

die ander samelewingsinstansies 'n lewende vertoonvenster te wees van wat God in sy genade doen: hoe Hy verhoudings nuut maak, begrip, versoening en vrede skenk en agterdog in broederliefde omskep. Volgens die dokument moet die kerk aldus 'n eksemplariese gemeenskap wees (229-230). Dooyeweerd toon elders oortuigend aan dat die natuur-genademotief inderdaad ook die denke van Karl Barth op hierdie punt beheers (Dooyeweerd 1963:36).

Met sy stellings oor die kerk as eksemplariese gemeenskap handhaaf KS-1990 ook die tendens wat reeds by sy voorganger na vore tree, naamlik dat reformasie van die totale samelewing tot sekere subjektiewe deugde of regte gereduseer word waarin broederliefde en medemenslikheid moet deurwerk en strukturele reformasie van samelewingskringe, klaarblyklik omdat daar geen direkte Bybelse voorskrifte in die verband bestaan nie, grootliks buite spel geplaas word (vgl Strauss 1987:3 oor KS-1986 in verband met hierdie saak). 'n Uitsondering in hierdie opsig is die paragrawe oor die taak van die staatsowerheid (289vv). Daarop word aanstons teruggekome.

Natuurlik speel ander motiewe as die van natuur en genade ook in op die verhouding kerk en samelewing by KS-1990. Ten spyte daarvan dat die kerk ongenuanseerd as vrug van die herskepping getipeer word, het dit, soos die ander instansies van die samelewing, tog ook te kampe met die 'gebrokenheid' in sy eie bestaan (72) – vandaar die behoefte dat die kerk sal stréwe na 'n eksemplariese bestaanswyse. Saam met die staatsowerheid, die Afrikanervolk (272), die gesin (308), die huwelik (328), die onderwys (331-334) en ook die vakbonde (316-317) moet daar gestrewe word na koninkrykdiens. Die sentrale Bybelse motiewe van skepping, sondeval en verlossing tot lewensomvattende diens aan God, werk hierin reformatories deur (vgl 20, 228).

Hierdie dominante motiewe by KS-1990 se hantering van die verhouding kerk en samelewing – daar is ook ander minder prominente motiewe aanwesig – is ook dominant in sy beskouing oor die kerk en staat en kerk en politieke modelle.

KERK EN STAAT BY KS-1990

Ten aanvang onderskei die dokument tussen die staat as instelling en die betrokke owerheid wat op daardie stadium as regering die politieke bestel daarvan bepaal. Daar word dan verder gekonsentreer op die verhouding met die owerheid.

'n Interessante opmerking van KS-1990 op hierdie punt is dat dit gaan om 'n owerheid wat 'deur 'n billike en regverdige proses van verkiesing daargestel word' (289vv). Die vraag wat hom in dié verband aan ons opdring, is of KS hiermee 'n knieval impliseer na die oud-liberale opvatting uit humanistiese huis dat dit slegs die

meerderheid van sy onderdane kan wees wat die regering van die dag legitimeer (vgl die ooreenstemmende standpunt by Van Niekerk 1987:11vv). Gaan dit vir KS-1990 hier om 'n sosiale kontrak (ala John Locke) tussen die meerderheid individue op staatsbodem wat sodoende 'n owerheid daarstel, of gaan dit om 'n *de facto*-owerheid wat deur God daargestel is (Rom 13) en daarom juis ook *de iure* is? Vertoon KS-1990 dalk hier die invloed van die huidige veldtog uit sommige kringe teen die sogenaamde wettigheid van die Suid-Afrikaanse Regering en vorm dit so deel van die begeerte by sommige Afrikaners om hulle isolasie te deurbreek en opgeneem te word in 'n meer algemene Westerse denkklimaat (vgl Van Niekerk 1987)? Hiernaas, sou hierdie opmerking by KS kon kwalifiseer as 'skriftuurlike norm'? As die antwoord op die laaste vraag 'ja' is, maak die stuk daarmee self van die Bybel 'n politieke handboek!

Teenoor hierdie regering-deur-verkiesingstandpunt gaan KS-1986 heeltemal die teenoorgestelde weg op. In paragrawe 310-314 word daar gehandel oor die status van die staatsowerheid en word sy legitimasie in verband gebring met die Skrif en die voorsienigheid en regering van God. KS-1990 staan, gesien in die lig van sy eie uitgangspunte, onteenseglik swakker as sy voorganger op hierdie punt.

Naas voorbidding vir die samelewing wat tog ook die staatsowerheid moet insluit, handel die dokument veral oor die verkondigingstaak van die kerk teenoor die owerheid.

Die verkondiging van die 'beginsels van die ryk van God' ('n wisselterm vir skriftuurlike norme) beteken vir KS-1990 betreffende die politiek deur die kerk dat alle vorme van verontregting afgewys moet word (224). Vanuit hierdie perspektief word – sonder om dit te motiveer – Marxisme, kommunisme, totalitarisme, integrasionisme en rassisme as voorbeelde van onchristelike ideologieë afgewys (225). Die Woord moet aan owerheidspersone en gesagbekleërs verkondig word en hulle aandag op die skriftuurlike norme vir mense- en groepverhoudinge, reg en geregtigheid, orde en vrede en die taak van die owerheid in dié verband gevestig word. Die kerk moet volgens KS-1990 ook getuienis lewer as die owerheid wetgewing met godsdienstig-etiese implikasies oorweeg (293-294). Die dokument toon met hierdie opmerkings die duidelike kenmerke van die taak wat hy reeds by sy opvattinge oor kerk en samelewing aan eersgenoemde toegeken het. Die kerk vervul hier ook die bemiddelaarsrol ten opsigte van koninkrykseise. Hiernaas is dit nie duidelik waar beginsels in die Skrif voorkom wat korte mette maak met al die genoemde '-ismes' nie. Verder kan gevra word of die begrip 'nie-christelike ideologieë' 'n positief Christelike ideologie veronderstel.

Vir KS-1990 is die staatsowerheid die enigste instansie in die samelewing wat 'van God' die reg ontvang het om die swaardmag te gebruik in die uitvoering van sy

roeping. In die waarmaak van die eise wat die Here aan hom stel, moet die owerheid aan die kerk die ruimte gee om waarlik kerk te wees. Lidmate en die Nederlandse Gereformeerde Kerk in sy amptelike optrede moet hulle volgens KS-1990 onderwerp aan alle owerheidsmaatreëls wat nie met die Woord van God in stryd is nie (290-292).

Vervolgens gaan KS-1990 kortliks in op 'n paar sake met betrekking tot die owerheid wat, gesien in die lig van sy eie uitgangspunte, deur die opstellers van die stuk as deel van die inhoud van die kerk se verkondigingstaak aan die owerheid moet geld.

'n Polisie- en weermag word gemotiveer vanuit die oorwegings dat die staat verdedig en vrede bewaar moet word. KS-1990 ag die Suid-Afrikaanse Regering dan ook geregverdig om hiervoor 'desnoods' diensplig in te stel waaraan gelowiges as staatsburgers gehoor moet gee. Sonder nadere verduideliking word die instelling van 'alternatiewe diensplig' as staatsplig aangestip (291). Hiermee word na alle waarskynlikheid aangesluit by die bestaande praktyk in Suid-Afrika waarin daar vir sogenaamde godsdienstesbeswaardes deur middel van gemeenskapsdiens in een of ander sektor van die staatshuishouding, voorsiening gemaak word. KS-1990 doen geen moeite om diensplig of alternatiewe diensplig vanuit die Skrif of skriftuurlike norme te motiveer nie. Die dokument beweeg hiermee in elke geval verder as blote koninkrykseise. Sou dit ter verdediging wel na hierdie soorte diensplig as 'beginsels vir God se ryk' verwys, gee dit geen aanduiding van hoe dit uit die Skrif gehaal kan word nie – 'n toedrag van sake wat nie die vermoede besweer dat die bestaande praktyk in so 'n geval as hermeneutiese sleutel funksioneer nie.

Enige vorm van gewelddadige verset, om watter rede en in watter omstandighe-
de ook al, word deur KS-1990 afgewys. Dit word om een of ander onverklaarbare rede 'in aansluiting' by die gereformeerde tradisie gedoen wat aan die reg tot opstand as laaste uitweg in 'n situasie van 'onhoudbare onderdrukking en onreg' 'n plek gee (295-296)! Dieselfde kritiek as in die vorige paragraaf moet hier op KS-1990 van toepassing gemaak word. Ons kry hier nie te make met Bybelse eksegeese wat lei tot die formulering van 'n bepaalde norm nie, maar die blote stelling van 'n bepaalde beginsels. Daarby oordeel KS-1990 dat geweld die situasie meestal vererger as verbeter en tot onberekenbare gevolge lei – 'n oordeel wat meer na 'n evaluering van die praktyk as 'n Bybelse beginsel klink. Bowendien kom hierdie absolutistiese anti-gewelddadige versetstandpunt opvallend ooreen met die 'hervormings'-uitsprake van huidige regeringsleiers in Suid-Afrika (Horn 1989:53).

Interessant genoeg gaan KS-1990 in sy afwysing van enige gewelddadige verset verder as KS-1986. By laasgenoemde word daar nie 'n streep deur die vermelde gereformeerde tradisie getrek nie. Daarmee is die opening vir gewelddadige verset,

hoewel gekwalifiseerd en onder gekwalifiseerde omstandighede by KS-1986 wel ge-
laat (KS-1986:322; Nicol 1989:23).

As uitvloeiing van die Bybelse eis van versoening stel KS-1990 die noodsaak van doeltreffende 'kommunikasie en raadpleging' in 'n 'veelvolkige' opset sodat probleme vreedsaam opgelos kan word. Besluite wat die 'verskillende bevolkingsgroepe' raak, moet volgens die dokument ook in onderlinge oorleg met hulle geneem word (297-298). Lidmate word opgeroep om in gehoorsaamheid aan die Bybel hulle naaste raak te sien, na hulle te luister en met hulle te praat en hulle te help (305). Saamgelees met die eise vir 'groepverhoudinge' wat die kerk aan die owerheid moet deurgee, weerklink daar in uitdrukkings soos 'groepe' en 'kommunikasie' dieselfde klanke as van huidige regeringsplattvorme tans in Suid-Afrika....

Soos sy voorganger (KS-1986:338), spreek KS-1990 hom uit teen wat hy noem 'die weerhouding van politieke mondigheid en regte' aan enige deel van die 'bevolking' (299). Wat alles hiermee bedoel word, is nie duidelik nie. Van watter regte word hier gepraat, wat presies is 'politieke mondigheid' en waar of hoe meet ons dit aan die Skrif?

Dat KS-1990 met bogenoemde formulering ten minste 'n bepaalde simpatie vir die politieke beleid van die huidige staatsowerheid in Suid-Afrika vertoon, word versterk deur uitdrukkings soos 'bevolking' – vergelyk ook begrippe soos 'landsbevolking' (284) en 'hulle vaderland' (286) – wat 'n eenheidsstaat impliseer of veronderstel (vgl Boshoff 1987:27, 29; Strauss 1987:18 se beoordeling van KS-1986). Voeg daarby die klem op orde en vrede as taak van die staat (KS-1990:275, 293) – 'n klem wat eweneens die retoriek van openbare verhoë in ons dag eggo en nog tot so onlangs as by KS-1986 ontbreek (KS-1986:302-304).

Die tendens om verder te gaan as blote skriftuurlike norme, die akkommodering van fasette van heersende landsbeleid en die gebruik van 'Bybelse eise' om bestaande politieke bewegings deur die owerheid te onderbou, sit hom voort by KS-1990 se hantering van die kerk en politieke modelle.

KERK EN POLITIEKE MODELLE BY KS-1990

In sy uitsprake oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk en politieke modelle begin KS-1990 opnuut met sy uitgangspunt: Die kerk het bloot die Skrif ter hand in sy beoordeling van sake. Hierdie Boek is geen politieke handboek nie, maar 'verkondig' norme vir die politiek soos liefde, geregtigheid, menswaardigheid en vrede. Gevolglik kan die kerk nie politieke modelle aan die owerheid voorskryf nie, maar tog 'elke bestaande en voorgestelde model' aan hierdie beginsels toets (274-275).

Ten opsigte van die eksegeese van die situasie waarin modelle getoets moet word, openbaar KS-1990 'n tendens wat reeds by sy voorganger merkbaar is. Volgens dié stuk moet die Nederduitse Gereformeerde Kerk die oordeel van ander kerke hierby betrek, veral die kerke wat diegene verteenwoordig wat negatief deur die bestaande politieke opset (apartheid) geraak word (277). Vir KS-1990 is dit belangrik dat die gelowige in sy 'groepverband' sal besef dat geen groep 'n monopolie oor die waarheid het nie. Die waarheid het immers, so gaan die stuk voort, baie fasette en juis deur gesprek 'leer ons die volle waarheid beter ken' (164; vgl KS-1986:159).

Met die verwysing na hulle wat apartheid negatief ervaar, gee KS-1990 'n klein welwillendheidstreetjie nader aan die opvatting in sommige kerklike kringe, dat slegs diegene wat onder apartheid gely het, met gesag daaroor kan praat (vgl ADA-GKN 1981:71). Hierdie opvatting spruit uit 'n bepaalde snit in die bevrydingsteologie wat die waarheid koppel aan 'n ervaring van verdrukking (Boesak 1977, 1979). Origens deel KS-1990 die relativerende optimisme by sommige in die kerklike ekumene dat gesprek altyd tot 'n 'beter' waarheid (is 'n goeie waarheid nie goed genoeg of waar nie?! – P J S) lei omdat geen kerk of groep 'n monopolie op die waarheid besit nie (vgl ook NGK 1990b:548). Die konsekwensie hiervan is dat die waarheid nooit 'n gawe is nie, maar 'n voortdurende taak (Schrotenboer 1967:41).

Hoewel die dokument dit reeds vroeër as sy oortuiging uitspreek dat nie integrasie of apartheid as direkte voorskrif uit die Bybel vir Suid-Afrika afgelees mag word nie (21) en dit 'integrasionisme' as nie-christelike ideologie veroordeel (225), volstaan hy in sy bespreking oor bestaande en voorgestelde modelle vir en in Suid-Afrika met apartheid.

Opgesom en gekontroleer aan KS-1990 se eie bewoording, kom dit op die volgende neer: KS-1990 veroordeel apartheid 'as stelsel' (282) of 'politieke sisteem in die praktyk' wat op 'n bepaalde 'wyse begin funksioneer' het (284) of wat 'in praktyk...funksioneer' (285). Dit gaan dus om 'n gekwalifiseerde soort apartheid: die politieke opset in Suid-Afrika soos in die onlangse verlede.

Vir KS-1990 het apartheid mettertyd 'n ideologiese en etnosentriese basis gekry. Dit het gebeur omdat die reg op die kulturele eie van die Blanke minderheid ten koste van dié van ander in 'n politieke sisteem van beskerming verskans is. Volgens die dokument het liefde vir die eie in die proses 'meermale' die vorm van rassisme aangeneem waaraan wetlike en strukturele uitdrukking gegee is (282). Sodoende is die menswaardigheid van mense aangetas en die norme van liefde en geregtigheid verontagsaam (284). Hierdie toedrag van sake is 'in die lig van die Skrif' sondig en onaanvaarbaar. Trouens, KS-1990 is daarvan oortuig dat enige Bybels-etiese verdediging van so 'n sisteem 'n 'ernstige dwaling' is (285).

In 'n klaarblyklike poging om krag aan sy situasie-eksegese te verleen, maak KS-1990 die opmerking dat sommige mense apartheid as 'n rassistiese en onderdrukkende stelsel beskou (278) en dat die 'grootste deel van die landsbevolking' dit met hulle deel (284).

Gemeet aan sy eie opgelegde taak om slegs die norme van die Skrif op politieke modelle aan te lê, is dit duidelik dat KS-1990 in sy veroordeling van apartheid op 'n aantal punte verder gaan as dit. In die eerste plek sonder hy apartheid uit as enigste model vir beoordeling. Dat die motivering daarvan met redes soos 'bestel van die oomblik' nie heeltemal water hou nie, blyk uit twee verwante oorwegings: die feit dat die sisteem teen 1990 tot op groot hoogte afgetakel is en dat een of ander vorm van integrasie die doel van die regering van die dag is.

Is dit dus nie veel eerder 'n kwessie van dat dit die Nederduitse Gereformeerde Kerk is wat nog nie klaar is met apartheid nie; dat die Algemene Sinode van hierdie kerkverband hom genoodsaak ag om homself in die oë van die kerkgemeenskap van die wêreld op hierdie punt te rehabiliteer nie?

In hierdie verband is daar – soos by die bespreking van KS-1990 en die staatsowerheid – 'n merkwaardige ooreenkoms met wat tans in die Suid-Afrikaanse Regering aan die gang is: In die teoretiese (prinsipiële) en praktiese aflegging van apartheid sien die Regering die geleentheid om homself te rehabiliteer in die oë van die internasionale gemeenskap. Dat hierdie vergelyking tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Suid-Afrikaanse Regering nie noodwendig vergesog is nie, blyk uit soveel ander ooreenkomste tussen KS-1990 en Regeringsterminologie en die feit dat KS-1990 in sy voorstelle soos gerig op die Suid-Afrikaanse politieke situasie nie verder gaan as dit wat reeds gebeur nie: onderhandelinge, die erkenning van Swart vakbonde (316), die aanvaarding van die land as 'n eenheidstaat onder een politieke bestel (288) en so meer. In die hele proses deel KS-1990 en Regeringsbeleid ook dieselfde opsigtelike vaagheid.

In konteks geles impliseer hierdie kompromie met Regeringstandpunte – kommunikasie is byvoorbeeld 'n skriftuurlike eis – 'n nuwe Bybelse legitimering deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die politieke *status quo* in Suid-Afrika. Sodoende trap die betrokke vergadering juis in die strik wat hy in sy uitgangspunte wou vermy. Daarmee is die intrinsieke meriete van al die standpunte in KS-1990 vir die Suid-Afrikaanse situasie egter op sigself nog nie bevraagteken en verwerp nie....

'n Tweede punt waarin KS-1990 verder gaan as die Skrif is sy (politieke?) evaluering waarin hy oordeel dat die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking apartheid as onderdrukkend en verontregtend ervaar het. Hierdie mening kan alleen gegrond wees op 'n waardering van die uitsprake van kerklike en politieke lei-

ers en meningsopnames aan die hand van steekproewe onder die bevolking. Immers, 'n algemene referendum het nog nooit in die land plaasgevind nie!

Hiernaas moet dit duidelik wees dat veel meer as die Skrif 'n beslissende woord spreek by KS-1990 se ewe beslissende gebruik van begrippe soos 'ideologie', 'etnosentrisme' en 'landsbevolking'. Immers, agter al hierdie terme en hulle gebruikswaarde in die stuk lê nie alleen afgeleide Skrifbepalers nie, maar ook filosofiese, sosiologiese en staatsregtelike uitgangspunte.

Soos by sy bespreking van die verhouding kerk en staatsowerheid, dui KS-1990 ook hier geen hermeneutiese sleutel aan om by Skrifnorme uit te kom nie. Die vermoede bestaan ook hier – gesien teen die agtergrond van sy ooreenkomste met die huidige politieke opset in Suid-Afrika – dat kerklike 'omgewingsfaktore' of huidige parameters in die politieke denkklimaat, naas beginsels waaroor daar in die gereformeerde wêreld eenstemmigheid sal wees, beslissend meespreek.

SLOTSOM

Vanuit 'n gereformeerde-kerkregtelike hoek besien was die uitgangspunte wat KS-1990 in sy aanpak van die verhouding kerk en staat en kerk en politieke modelle in Suid-Afrika vir homself gestel het, aanbevelenswaardig. Sy kerkbegrip drink egter gedeeltelik – vir die grondmotiewe van die Reformasie – by vreemde waters. Daarom vertoon sy prinsipiële opvattinge oor die verhouding kerk en samelewing (waaronder kerk en staat en kerk en politieke modelle) 'n skolastiese skynsel. Hiernaas kan dit aangetoon word dat KS-1990 in sy beoordeling van die Suid-Afrikaanse situasie verder gaan as die blote verkondiging van Skrifnorme, dat KS-1990 'n kompromie met die politieke *status quo* in die land bevat en dat sy hermeneutiese weg in die uitleg van die Skrif nie altyd duidelik is nie. Kerklike 'omgewingsfaktore' spreek by laasgenoemde onteenseglik ook beslissend mee.

Literatuurverwysings

- Boesak, A A 1977. *Afscheid van de onschuld*. Kampen: Kok.
- 1979. *Die vinger van God*. Johannesburg: Ravan Press.
- Boshoff, C W H 1987. *Kerk en samelewing in oënskou*. Pretoria: Sacum.
- Botha, S J 1980. *Kerkgeskiedenis in die konteks van die Hervormde Teologiese opleiding aan die Universiteit van die Noorde*. Pietersburg: Universiteit van die Noorde.
- Deputate Algemene Diakonale Arbeid, Gereformeerde Kerke in Nederland, 1981. *De opdracht van het diakonaat*. Leusden: Algemene Diakonale Buro.

- Dooyeweerd, H 1963. *Vernieuwing en bezinning*. Zutphen: Van den Brink.
- Horn, J N 1989. Politieke modelle in Kerk en Samelewing, in Van der Walt, B J (red), *Kommentaar op 'Kerk en Samelewing'*, 44-55. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Kinghorn, J 1986. Die groei van 'n teologie – van sendingbeleid tot verskeidenheidsteologie, in Kinghorn, J (red), *Die N G Kerk en apartheid*, 86-116. Johannesburg: Macmillan.
- 1989. 'n Rondte meer, in Van der Walt, B J (red), *Kommentaar op 'Kerk en Samelewing'*, 29-43. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Kritzinger, N M 1989. Skrifbeskouing en Skrifgebruik in Kerk en Samelewing, in Van der Walt, B J (red), *Kommentaar op 'Kerk en Samelewing'*, 76-83. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Kuyper, H H 1900. *Het gereformeerde beginsel en de kerkgeschiedenis*. Leiden: Donner.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986. *Kerk en Samelewing*. Bloemfontein: Pro Christo.
- 1990a. *Kerk en Samelewing 1990*. Bloemfontein: Pro Christo.
- 1990b. *Handelinge van die Algemene Sinode*. Pretoria: NGK.
- Nicol, W 1989. Die kerk en die regering, in Van der Walt, B J (red), *Kommentaar op 'Kerk en Samelewing'*, 18-28. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Raath, A W G 1988. Kerk en Samelewing: Standpuntstelling. *Die Bondgetuie* 1/2, 12-17.
- Schrotenboer, P 1967. *Motives of ecumenism*. Toronto: Association for Reformed Scientific Studies.
- Strauss, P J 1983. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk. Ongepubliseerde DD-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- 1988. Die Kerk in 'Kerk en Samelewing' – 'n reformatoriese koers? *TCW* 24/1, 35-46.
- Strauss, S A 1987. *'Kerk en Samelewing' blootgelê*. Pretoria: Sacum.
- Van Niekerk, A 1987. Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid, in Du Toit, D A (red), *Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid*, 7-19. Kaapstad: Lux Verbi.
- Van Wyk, J A 1969. Christelike sedelike beginsels en afsonderlike ontwikkeling. *Die Kerkbode* 30 Julie 1969, bl 167.